- (c) op 'n vreemdeling aan wie volgens artikel *een* of *drie* van die Immigrasiekwota-Wet, 1930 (Wet No. 8 van 1930) 'n skriftelike magtiging of vergunning verleen is om die Unie binne te kom, wat die Unie binnekom binne die termyn in daardie magtiging of vergunning vasgestel, of binne daardie termyn, soos wettig verleng.

(2) As 'n vreemdeling bedoel in paragraaf (b) van sub-artikel (1) terwyl hy in die Unie is nie meer behoort nie tot 'n kategorie van persone in daardie paragraaf omskrywe, dan kan hy, na verloop van 'n tydperk van drie maande vanaf die tydstop waarop hy ophou om tot bedoelde kategorie te behoort, kragtens die Hoofwet as 'n verbode immigrant behandel word, tensy die Minister aan hom, op aanbeveling van die raad, vergunning verleen het om in die Unie te bly om hom blywend daarin te vestig, of tensy die Minister hom vergunning verleen het om solank en op sodanige voorwaardes as wat die Minister mag bepaal, in die Unie te bly.

(3) As iemand, aan wie die Minister kragtens sub-artikel (2) vergunning verleen het om gedurende 'n vasgestelde tydperk en op een of ander voorwaarde in die Unie te bly, na verloop van daardie tydperk in die Unie bly of daardie voorwaarde oortree of veronagsaam, dan kan hy kragtens die Hoofwet as 'n verbode immigrant behandel word.

13. Die bepaling van die Immigrasiekwota-Wet, 1930 **Herroeping van** (behalwe artikels *ses* en *agt* daarvan) word hiermee herroep: **Wet 8 van 1930.** Met dien verstande dat iemand, nie synde 'n gebore Britse onderdaan nie, wat volgens artikel *vyf* van bedoelde Wet 'n verbode immigrant is, kragtens die Hoofwet as 'n verbode immigrant behandel kan word, dog met inagneming van een of ander vergunning wat aan hom verleen is volgens die voorbehoudsbepaling tot bedoelde artikel *vyf*.

14. Hierdie Wet heet die Wet op Vreemdelinge, 1937, en tree **Kort titel en dag** in werking op die eerste dag van Februarie 1937. **van inwerking-treding.**

Government Notice No. 160.

P. I. Hoogenhout,
Secretary for the Interior,
30th January, 1937.

ALIENS ACT, 1937: IMMIGRATION SELECTION BOARD.

It is notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of the powers vested in him by Section three of the Aliens Act, 1937, to appoint the undermentioned to be members of the Immigrants Selection Board; viz. :-

- Mr. P. I. Hoogenhout, Secretary for the Interior to be Chairman,
- Mr. I. L. Walker, Secretary for Labour and Social Welfare,
- Mr. W. J. Lamont, Secretary for Commerce and Industries,
- Mr. P. F. Kincaid, Commissioner for Immigration and Asiatic Affairs.

Government Notice No. 161.

P. I. Hoogenhout,
Secretary for the Interior,
30th January, 1937.

See G.N. NO. 1975/20-12-1937
See G.N. NO. 1975/20-12-1937

THE ALIENS ACT, 1937: REGULATIONS.

It is notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of the powers vested in him by Section eleven of the Aliens Act, 1937, to make the following regulations :-

REGULATIONS UNDER THE ALIENS ACT, 1937.

Interpretation of Terms

1. For the purpose of these regulations "the Act" shall mean the Aliens Act, 1937, and any expression to which a meaning has been assigned in and for the purpose of the Act shall, when used in these regulations, bear the same meaning.

Immigrants Selection Board.

2. Each member of the Board shall hold office for a period of two years and shall be eligible for re-appointment after the expiration of that period.

Forms of Application and Permits.

3. (1) Any alien who desires a permit to enter the Union or South-West Africa for permanent residence shall make application therefor in duplicate to the Secretary for the Interior in the form set out in the First Annexure to these regulations: Provided that the Board may for a period not extending beyond the 31st December, 1937, consider applications made on the form of application prescribed under the Immigration Quota Act, 1930, and the regulations thereunder.

(2) The applicant shall attach to the two copies of his application—

- (a) four identical copies of a photograph of his face taken straight from in front and four identical copies of a photograph of his face taken in profile (all taken at the time of his application), on thin paper, size 1½ inches by 2½ inches, on which his features are clearly and correctly depicted;
- (b) a certified copy of his birth certificate;
- (c) if married, a certificate copy of his marriage certificate;
- (d) a medical certificate in the form set out in the Second Annexure to these regulations;
- (e) a police certificate in the form set out in the Third Annexure to these regulations;
- (f) certified copies of any education certificates, diplomas or degrees he may possess;
- (g) a certificate from his employers covering the period of five years immediately preceding the date of his application as to his competency in the trade or occupation he intends to follow in the Union;
- (h) certified copies of certificates of character from his present employer, a minister of religion, a bank official or any judicial officer able to give such certificate;
- (i) documentary proof of financial circumstances as stated in his application.

(3) A separate application shall be made in respect of each person irrespective of the age of the applicant, but when an application is made by or on behalf of a child under the age of sixteen years it shall not be necessary to furnish the documents mentioned in paragraphs (e), (f), (g), (h) and (i) of sub-section (2).

4. An application made under section 3 of these regulations shall be delivered to or transmitted through the post to a Union Representative, or, where there is no such representative, to a British Consul, in the country in which the applicant actually resides: Provided that if the applicant has been permitted to enter the Union or South-West Africa for the purpose of temporary sojourn therein, his application shall be transmitted direct to the Secretary for the Interior at Pretoria.

Goewermentskennisgewing No. 160.

P. I. Hoogenhout,
Sekretaris van Binnelandse Sake,
30 Januarie 1937.

WET OP VREEMDELINGE, 1937: RAAD VIR DIE KEUSE VAN IMMIGRANTE.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid verleen deur Artikel drie van die Wet op Vreemdelinge, 1937, behaag het om ondergenoemde persone aan te stel as lede van die Raad vir die keuse van Immigrante, nl.,

- Mr. P. I. Hoogenhout, Sekretaris van Binnelandse Sake as Voorsitter,
- Mr. I. L. Walker, Sekretaris van Arbeid en Volkswelnsyn,
- Mr. W. J. Lamont, Sekretaris van Handel en Nywerheid,
- Mr. P. F. Kincaid, Kommissaris van Immigrasie en Asiatische Sake.

Goewermentskennisgewing No. 161.

Sien G.K. 1975/20-12-1937
Sien G.K. 1975/20-12-1937

DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937: REGULASIES.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid hom verleen deur Artikel elf van die Wet op Vreemdelinge, 1937, behaag het om die volgende regulasies uit te vaardig:—

REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP VREEMDELINGE 1937.

Woordverklaring.

1. Vir die doel van hierdie regulasies beteken „die Wet” die Wet op Vreemdelinge, 1937, en enige uitdrukking waaraan ’n betekenis toegeken word in en vir die doel van die Wet, het, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, dieselfde betekenis.

Raad vir die Keuse van Immigrante.

2. Elke lid van die Raad beklee sy amp vir ’n tydperk van twee jaar en kan na afloop van daardie tydperk weer benoem word.

Aansoekvorms en Permits.

3. (1) Elke vreemdeling wat ’n permit verlang om die Unie of Suidwes-Afrika vir blywende vestiging binne te kom, moet in duplikaat daarom aansoek doen by die Sekretaris van Binnelandse Sake op ’n vorm soos uiteengesit in die Eerste Bylae van hierdie regulasies: Met dien verstande dat die Raad vir ’n tydperk wat nie later as 31 Desember 1937 eindig nie, aansoeke kan oorweeg wat ingedien is op die aansoekvorm voorgeskryf kragtens die Immigrasie-kwota Wet, 1930, en die regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig.

(2) Die applikant moet by die twee afskrifte van sy aansoek aanheg—

- (a) vier identiese afdrukke van ’n portret van sy gesig reg van voor geneem en vier identiese afdrukke van ’n portret van sy gesig in profiel geneem (almal geneem wanneer hy aansoek doen) op dun papier, groot 1½ duim by 2½ duim, waarop sy gelaatstrekke duidelik en korrek weergegee word;
- (b) ’n gewaarmerkte afskrif van sy geboortesertifikaat;
- (c) indien getroud, ’n gewaarmerkte afskrif van sy huweliks-sertifikaat;
- (d) ’n mediese sertifikaat in die vorm uiteengesit in die Tweede Bylae van hierdie regulasies;
- (e) ’n sertifikaat van ’n polisiebeampte in die vorm uiteengesit in die Derde Bylae van hierdie regulasies;
- (f) gewaarmerkte afskrifte van enige opvoedkundige sertifikate, diplomas of grade wat hy mag besit;
- (g) ’n sertifikaat, wat die tydperk van vyf jaar net voor die datum van sy aansoek dek, van sy werkgewers ten opsigte van sy bevoegdheid in die bedryf of beroep wat hy van voorneme is om in die Unie uit te oefen;
- (h) gewaarmerkte afskrifte van sertifikate van goeie gedrag van sy teenswoordige werkgewer, ’n predikant, ’n bank-beampte of enige geregsdienaar wat in staat is om sodanige sertifikaat uit te reik;
- (i) dokumentêre bewyse van finansiële omstandighede soos in sy aansoek vermeld.

(3) ’n Afsonderlike aansoek moet ten opsigte van elke persoon, afgesien van die ouderdom van die applikant, ingedien word, maar wanneer aansoek deur of ten behoewe van ’n kind onder die ouderdom van sestien jaar gedoen word, is dit nie nodig om die dokumente in paragrawe (e), (f), (g), (h) en (i) van sub-artikel (2) genoem, te verstrek nie.

4. ’n Aansoek wat ingevolge artikel 3 van hierdie regulasies gedoen word, moet ingedien word by, of deur die pos gestuur word aan, ’n Unie-verteenvoerder, of, waar daar nie so’n verteenwoordiger is nie, ’n Britse Konsul, in die land waarin die applikant werklik woonagtig is: Met dien verstande dat ingeval die applikant toegelaat is om die Unie of Suidwes-Afrika vir tydelike verblyf daarin binne te kom, sy aansoek regstreeks aan die Sekretaris van Binnelandse Sake te Pretoria gestuur moet word.

5. A permit for entry into the Union or South-West Africa for permanent residence (hereinafter referred to as the permit), issued on the authority of the Board, shall be in the form set out in the Fourth Annexure to these regulations.

6. To every person to whom a permit is issued there shall also be issued an identification card in the form set out in the Fifth Annexure to these regulations.

7. Any alien who enters the Union or South-West Africa for permanent residence shall, on arrival, produce to the immigration officer the permit and the identification card and one copy of the form of application submitted by him, duly signed by the officer authorized thereto by the Board.

8. The prescribed fee to be paid in respect of a permit shall be one pound (£1) in Union Currency and that amount shall be paid at the authorized port or place of entry in the Union or South-West Africa prior to the entry of the holder of the permit.

9. (1) Any alien who desires to enter the Union or South-West Africa for temporary sojourn therein shall state to the immigration officer the actual period he desires to remain in the Union or South-West Africa and shall furnish to such officer—

- (a) full particulars as to the reasons therefor;
- (b) such credentials as he possesses to support his request;
- (c) a valid passport or other travel document, the period of validity of which does not expire during such temporary sojourn; and
- (d) if the immigration officer deems it necessary, a recent photograph of the applicant.

(2) The temporary permit which may be issued in terms of subsection (1) of section five of the Act shall be in the form set out in the Sixth Annexure to these regulations. In respect of each such temporary permit a fee of five shillings shall be paid, and the immigration officer may further in his discretion require the holder of any such temporary permit to deposit a sum not exceeding one hundred pounds (£100) as security for the observance by the holder of the conditions mentioned in the temporary permit, or to furnish any security which the immigration officer deems sufficient, for the payment of such sum in lieu of such deposit. The deposit shall only be refunded upon the fulfilment of the said conditions and upon such holder leaving the Union or South-West Africa within the period for which the permit is issued.

FIRST ANNEXURE.

APPLICATION FOR PERMIT TO ENTER THE UNION OF SOUTH AFRICA OR THE MANDATED TERRITORY OF SOUTH-WEST AFRICA FOR PERMANENT RESIDENCE.

(This form to be submitted, in duplicate, to the Secretary for the Interior, Pretoria.)

1. Name of applicant in full
2. Present address in full
3. Date of birth
4. Place of birth
5. Present nationality
6. Sex
7. Race to which applicant belongs (e.g., Slav, Czech, Hebrew, Asiatic, etc.)
8. Height
9. Colour of eyes
10. Specify any physical disabilities
11. Place or places of residence during the last five years
12. Marital condition (married, single widowed or divorced)
13. If married, full name of wife
14. Names, ages and sex of all children under the age of 21, whether to be admitted to the Union or South-West Africa with applicant or not
15. Reasons for desiring to enter the Union or South-West Africa for permanent residence
16. (a) Occupation to be followed in Union or South-West Africa
- (b) If to be employed, state employer's name and address
- (c) State salary or wages offered
17. Financial circumstances :
- (a) State amount of money (in Union currency) applicant is bringing into the Union or South-West Africa
- (b) If applicant is to conduct his own business, state nature of business and amount of capital at disposal
- (c) If of independent means, give details and bank references
18. State languages applicant is able to read and write
19. Address to which proceeding in the Union or South-West Africa

5. 'n Permit vir toelating tot die Unie of Suidwes-Afrika vir blywende vestiging (hierna die permit genoem), wat op magtiging van die Raad uitgereik word, moet in die vorm wees wat in die Vierde Bylae van hierdie regulasies uiteengesit word.

6. Aan elke persoon aan wie 'n permit uitgereik word moet ook 'n identifikasiekaart in die vorm uiteengesit in die Vyfde Bylae van hierdie regulasies uitgereik word.

7. Elke vreemdeling wat die Unie of Suidwes-Afrika vir blywende vestiging binnekom moet by aankoms die permit en die identifikasiekaart en een afskrif van die aansoekvorm deur hom ingedien, behoorlik geteken deur die amptenaar wat deur die Raad daartoe gemagtig is, aan die immigrasiebeampte toon.

8. Die voorgeskrewe fooi wat ten opsigte van 'n permit betaal moet word is een pond (£1) in Unie-betaalmiddel, en daardie bedrag moet, voor die binnekoms van die houer van die permit, by die gedoekte hawe of plek van binnekoms in die Unie of Suidwes-Afrika betaal word.

9. (1) Elke vreemdeling wat die Unie of Suidwes-Afrika vir tydelike verblyf daarin binnekom, moet aan die immigrasiebeampte die werklike tydperk wat hy verlang om in die Unie of Suidwes-Afrika te vertoef, meld, en moet aan sodanige beampte verstrek—

- (a) volledige besonderhede wat betref die redes daarvoor;
- (b) sodanige geloofsbriewe as hy besit tot staving van sy versoek;
- (c) 'n geldige paspoort of ander reisdokument waarvan die geldigheidstydperk nie gedurende sodanige tydelike verblyf verstryk nie; en
- (d) indien die Immigrasiebeampte dit nodig ag, 'n portret wat onlangs van die applikant geneem is.

(2) Die tydelike permit wat kragtens sub-artikel (1) van artikel vyf van die Wet uitgereik mag word, moet in die vorm wees wat in die Sesde Bylae van hierdie regulasies uiteengesit word. Ten opsigte van elke sodanige tydelike permit moet 'n fooi van vyf shillings betaal word, en die immigrasiebeampte kan verder, na goedvinde, van die houer van enige sodanige tydelike permit vereis om 'n bedrag van hoogstens eenhonderd pond (£100) as waarborg te deponeer vir die nakoming deur die houer van die voorwaardes in die tydelike permit vermeld, of om enige waarborg te stel wat die immigrasiebeampte voldoende ag, vir die betaling van sodanige bedrag in plaas van sodanige deposito. Die deposito word slegs terugbetaal wanneer die vermelde voorwaardes nagekom is en wanneer sodanige houer die Unie of Suidwes-Afrika verlaat binne die tydperk waarvoor die permit uitgereik is.

EERSTE BYLAE.

AANSOEK OM PERMIT OM DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA OF DIE MANDAATGEBIED SUIDWES-AFRIKA VIR BLYWENDE VESTIGING BINNE TE KOM.

(Hierdie vorm moet in duplikaat aan die Sekretaris van Binne-landse Sake, Pretoria, gestuur word.)

1. Naam van applikant voluit
2. Teenswoordige adres voluit
3. Geboortedatum
4. Geboorteplek
5. Teenswoordige nasionaliteit
6. Geslag
7. Ras waaraan applikant behoort (b.v., Slaaf, Tjieg, Hebreër, Asiaat, ens.)
8. Lengte
9. Kleur van oë
10. Meld liggaamsgebreke
11. Plek of plekke van verblyf gedurende die afgelope vyf jaar
12. Huwelikstaat (getroud, ongetroud, weduwee, wewenaar of geskei)
13. Indien getroud, volle naam van vrou
14. Name, ouderdomme en geslag van alle kinders onder die ouderdom van 21, hetsy hulle saam met applikant tot die Unie of Suidwes-Afrika toegelaat moet word of nie
15. Redes waarom applikant die Unie of Suidwes-Afrika vir blywende vestiging wil binnekom
16. (a) Beroep wat in die Unie of Suidwes-Afrika gevolg sal word
- (b) Indien applikant in diens geneem sal word, vermeld naam en adres van werkgever
- (c) Vermeld salaris of loon aangebied
17. Finansiële omstandighede :
- (a) Vermeld die bedrag geld (in Unie-betaalmiddel) wat applikant in die Unie of Suidwes-Afrika inbring
- (b) Indien applikant op eie risiko besigheid sal dryf, vermeld aard van besigheid en bedrag van kapitaal tot sy beskikking
- (c) Indien 'n bemiddelde persoon, gee besonderhede en bank-referensies
18. Vermeld die tale wat applikant kan lees en skrywe
19. Adres waarheen applikant in die Unie of Suidwes-Afrika gaan

20. Names of relatives and degree of relationship, or of friends, and their addresses in the Union or South-West Africa
21. Has applicant ever been convicted of any crime? (If yes, give particulars.)
22. Has applicant ever been restricted from entering, or deported from, any country? (If yes, give particulars.)
23. Is applicant suffering from any disease? (A medical certificate in the prescribed form must be submitted.)
24. If the applicant desires to enter the Union or South-West Africa as the wife or the child under the age of 21 years of a person who is permanently and lawfully resident in the Union or South-West Africa, the following particulars must be given:

- (a) Full name of husband or father
- (b) Date of entry into the Union or South-West Africa of husband or father
- (c) Port of entry by which husband or father entered the Union or South-West Africa
- (d) Present address of husband or father
- (e) Occupation of husband or father

Note: The undermentioned documents must be attached to this application:—

- (1) Four identical copies of a photograph of the face of the applicant, taken straight from in front, and four identical copies of a photograph of his face taken in profile (all taken at the time of this application) on thin paper, size 1½ inches by 2½ inches, on which his features are clearly and correctly depicted.
Warning: If these photographs do not correctly depict the features of the applicant, that is, if they are not a proper likeness of the applicant, a permit issued in compliance with this application, is liable to be cancelled.
- (2) Certified copy of birth certificate of the applicant.
- (3) If married, certified copy of the marriage certificate.
- (4) A medical certificate in the prescribed form.
- (5) A certificate by a police official in the prescribed form.
- (6) Certified copies of any educational certificates, diplomas or degrees the applicant may possess.
- (7) Certificates from applicant's employers, covering the period of five years immediately preceding the date of this application as to applicant's competency in the trade or occupation which he intends to follow in the Union or South-West Africa.
- (8) Certified copies of certificates of character from his present employer, or a minister of religion, or a bank official or any judicial officer.
- (9) Documentary proof of financial circumstances.

I hereby declare that the information furnished by me in this application is true and correct.

(Signed)

Declared before me at this day of 19.....

(Title of the attesting officer.)

This form is to be declared before a Union Representative, a British Consul, a Magistrate or a Justice of the Peace in a British dominion, colony or protectorate, or a notary public, who shall certify that the photographs attached to the form represent an accurate pictorial reproduction of the features of the declarant.

SECOND ANNEXURE.

MEDICAL CERTIFICATE.

Place

Date

I hereby certify that I have examined and find him/her not to be mentally or physically defective in any way, that he/she is not afflicted with tuberculosis in any form or with an infectious, loathsome, or contagious disease, that he/she is not suffering from favus, leprosy, framboesia or yaws, trachoma, syphilis or scabies.

(Signed)

NOTE.—Mentally defective includes:

- (a) Idiots.
- (b) Imbeciles.
- (c) Feeble-minded persons.
- (d) Insane persons.
- (e) Epileptics.
- (f) Persons having perviously had attacks of insanity.
- (g) Persons of constitutional psychopathic inferiority.
- (h) Persons suffering from chronic alcoholism.

20. Name en adresse van bloedverwante of vriende in die Unie of Suidwes-Afrika. In geval van bloedverwante, vermeld verwantskap
21. Is applikant ooit weens enige misdad veroordeel? (indien so, gee besonderhede)
22. Is applikant ooit toelating tot enige land geweier of is hy ooit uit enige land gedeporteer? (Indien so, gee besonderhede)
23. Ly applikant aan enige siekte? ('n Mediese sertifikaat op die voorgeskrewe vorm moet ingedien word).....

24. Indien die applikant die Unie of Suidwes-Afrika wil binnekom as die vrou of kind onder die ouderdom van 21 jaar, van 'n persoon wat permanent en wettiglik in die Unie of Suidwes-Afrika woonagtig is, moet die volgende besonderhede gegee word:
- (a) Volle naam van man of vader
- (b) Datum waarop man of vader die Unie of Suidwes-Afrika binnegekom het.....
- (c) Hawe waar man of vader die Unie of Suidwes-Afrika binnegekom het
- (d) Teenswoordige adres van man of vader
- (e) Beroep van man of vader

Opmerking: Onderstaande dokumente moet aan hierdie aansoek geheg word:—

- (1) Vier identiese afdrucke van 'n portret van die gesig van die applikant, reg van voor geneem en vier identiese afdrucke van 'n portret van sy gesig in profiel geneem (almal geneem wanneer aansoek gedoen word) op dun papier, groot 1½ duim by 2½ duim, waarop sy gelaats-trekke duidelik en korrek weergegee word.
Waarskuwing: Indien hierdie portrette nie die gelaats-trekke van die applikant korrek weergee nie, d.w.s., as hulle nie 'n ware gelykenis van die applikant is nie, kan 'n permit wat as gevolg van hierdie aansoek uitgereik is, ingetrek word.
- (2) Gewaarmerkte afskrif van geboortsertifikaat van die applikant.
- (3) Indien getroud, gewaarmerkte afskrif van die huwelik-sertifikaat.
- (4) 'n Mediese sertifikaat op die voorgeskrewe vorm.
- (5) 'n Sertifikaat deur 'n polisiebeampte op die voorgeskrewe vorm uitgereik.
- (6) Gewaarmerkte afskrifte van enige opvoedkundige sertifikate, diplomas of grade wat die applikant mag besit.
- (7) Sertifikaat wat die tydperk van vyf jaar net voor die datum van hierdie aansoek dek, van applikant se werkgewers ten opsigte van sy bevoegdheid in die bedryf of beroep wat hy van voorneme is om in die Unie of Suidwes-Afrika uit te oefen.
- (8) Gewaarmerkte afskrifte van sertifikate van goeie gedrag van applikant se teenswoordige werkgewer, of 'n predikant, of 'n bankbeampte of enige geregsdienaer.
- (9) Dokumentêre bewyse van finansiële omstandighede.

Ekverklaar hierby dat die informasie, deur my in hierdie aansoek verstrekk, waar en korrek is.

(Geteken)

Verklaar voor my te op hede die dag van 19.....

(Ampstittel van amptenaar wat die verklaring afneem).

Hierdie vorm moet verklaar word voor 'n Unie-vertegenwoordiger, 'n Britse Konsul, 'n Magistraat of 'n Vrederegter in 'n Britse dominium, kolonie of protektoraat, of 'n publieke notaris, wat moet sertifiseer dat die portrette wat die aansoekvorm vergees 'n juiste afbeelding is van die gelaats-trekke van die persoon wat die verklaring maak.

TWEDE BYLAE.

MEDIESE SERTIFIKAAT.

Plek

Datum

Ek sertifiseer hierby dat ek ondersoek het en bevind dat hy/sy hoegenaamd nie geestelik of liggaamlik gebrekkig is nie, dat hy/sy nie aan enige vorm van tuberkulose, of aan 'n besmetlike, walglike of aansteeklike siekte ly nie, en dat hy/sy nie aan favus, melaatsheid, frombose-siekte, trachoom, vuilsiekte of jeuksiekte ly nie.

(Geteken)

OPMERKING.— Geestelik gebrekkiges sluit in:

- (a) Idiote.
- (b) Imbesiele.
- (c) Swaksinnige persone.
- (d) Kranksinnige persone.
- (e) Epileptiese persone.
- (f) Persone wat vroeër aanvalle van kranksinnigheid gehad het.
- (g) Persone van liggaamlike psigopatiese minderwaardigheid.
- (h) Persone wat ly aan Chroniese Alkoholisme.

SIXTH ANNEXURE.

No.
File No.

Particulars of Passport.

No.
Place of issue
Date of issue
Date of expiry.....

TEMPORARY PERMIT.

FEE 5s.

This permit is granted to nationality, to enter the Union of South Africa or the mandated territory of South-West Africa for the purpose of and is subject to the provisions of Section five of the Aliens Act, 1937, and to the following conditions, viz., that the holder of this permit—

- (a) registers his address in the Union or South-West Africa as follows :
 - (i) postal address
 - (ii) residential address
- (b) shall not, without proper authority, alter the purpose for which he was permitted to enter;
- (c) shall, without expense to the Government, depart from the Union and the Mandated Territory of South-West Africa on or before (date) or such later date as a duly authorized immigration officer may have endorsed on this permit for the purpose of extending the period of its availability;
- (d) shall, immediately before so departing, surrender this permit to an immigration officer;
- (e) shall deposit the sum of which shall be forfeited to the Government if the holder does not comply with the conditions set out herein or does not leave the Union or South-West Africa on or before the date mentioned.

.....
Immigration Officer.

Place
Date

SESDE BYLAE.

No.
Lias No.

Besonderhede van Paspoort :

No.
Waar uitgereik
Datum van uitreiking
Vervaldatum

TYDELIKE PERMIT.

FOOI 5s.

Hierdie permit word uitgereik aan 'n vreemdeling van nasionaliteit, om die Unie van Suid-Afrika of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika binne te kom met die doel om en is onderworpe aan die bepalinge van Artikel vyf van die Wet op Vreemdelinge, 1937, en aan ondervermelde voorwaardes, nl., dat die besitter van hierdie permit—

- (a) sy adres in die Unie of Suidwes-Afrika registreer as volg :
 - (i) posadres
 - (ii) woonadres
- (b) nie, sonder dat hy behoorlik daartoe gemagtig is, die doel waarvoor hy toegelaat is om binne te kom, mag verander nie;
- (c) sonder onkoste vir die Staat die Unie en die Mandaatgebied Suidwes-Afrika moet verlaat op of voor (datum) of sodanige later datum as 'n behoorlik gemagtigde immigrasiebeampte op hierdie permit mag gendosseer het teneinde die geldigheidstydperk daarvan te verleng;
- (d) onmiddellik voor sy vertrek aldus, hierdie permit aan 'n immigrasiebeampte moet oorhandig;
- (e) 'n bedrag van moet stort wat aan die Goewerment verbeur word indien die besitter nie die voorwaardes hierin vermeld nakom nie, of nie die Unie of Suidwes-Afrika op of voor die datum hierin vermeld verlaat nie.

.....
Immigrasiebeampte.

Plek
Datum

